

# OPNAME VAN DIERE VAN DIE VRYSTAAT

Wanneer enige handboek of wetenskaplike publikasie oor die voorkoms, verspreiding en lewenswyse van Suid-Afrikaanse diersoorte geraadpleeg word, is dit heel goed duidelik dat daar baie groot leemtes bestaan in ons kennis hiervan met betrekking tot die sentrale gedeelte van die land en meer in die besonder die Oranje-Vrystaat. Hoewel daar heelwat goeie redes hiervoor aangevoer kan word, is dit 'n ongewenste toestand van sake.

Om hierdie rede stel die Afdeling Dierkunde van die Nasionale Museum hom dit ten doel om nie alleen so 'n volledig moontlike versameling van Vrystaatse diersoorte op te bou nie, maar om ook deur doelgerigte navorsing meer omtrent ons inheemse fauna te wete te kom.

Dit is noodsaaklik dat die Museum oor 'n verteenwoordigende versameling van die Vrystaatse fauna moet beskik.

Langs hierdie weg word 'n beroep gedoen op alle persone om die liggeme van diere (nie huisdiere nie) wat doodgemaak word weens skade wat hulle aanrig, of wat voor 'n motor beland, of onder ander omstandighede gedood word, aan die Museum te besorg.

Dit is vanselfsprekend noodsaaklik dat hierdie materiaal so heel en so vars as moontlik moet wees wanneer dit die Museum bereik. Die liggeme van kleiner diere kan in 'n plastiek sak toegebond en gevries word en dan per geleentheid by die Museum besorg word.

Hoewel die hare van soogdiere wat nie baie gou na dood onder hande geneem word nie, maklik uitval en die vel daarvan dan nie geskik is vir die maak van studievelle of om op te stop nie, kan die hele skelet, of net die skedel van so 'n dier nog altyd skoon gemaak word vir studiedoeleindes. Indien die hele dier nie versorg en na die Museum gebring kan word nie sal slegs die kop of skedel daarvan ook verwelkom word. Wanneer die kop van 'n dier toegepak word met tafelsout in 'n digte houer kan dit vir 'n baie lang tyd bewaar bly.

Wat egter baie belangrik is, is dat die volgende besonderhede die liggaam van elke dooie dier moet vergesel, want daarsonder is dit vir die Museum ook waardeloos:

1. Naam en adres van die versamelaar
2. Die naam van die plaas of akkurate beskrywing van die plek waar die dier gevind of doodgemaak is, byvoorbeeld: 3 km. uit Reddersburg op die Reddersburg-Bloemfonteintepad.
3. Die datum waarop dit gevind of doodgemaak is.

**Let Wel:** Hierdie versoek om dooie diere aan die Museum te besorg, moet egter geen sins gesien word as 'n rede of verskoning vir die jag of doodmaak van beskermde soorte wilde diere soos krimpvarkies, ouvolk of feitlik alle soorte voëls nie. Net soos enige lid van die publiek, is die Museum ook onderhewig aan die bepalings van die Ordonnansie op Natuurbewaring en die versameling van beskermde diere of voëls deur die personeellede van die Museum geskied streng volgens 'n spesiale permit.



'n Kleinkolmuskeljaatkat wat onlangs in die Museum opgestop is.

## SURVEY OF ANIMALS OF THE FREE STATE

When referring to any textbook or scientific publication dealing with the distribution and habits of South African fauna, it is immediately apparent how scant information is from the central part of South Africa, and more specifically the O.F.S.

It is essential for purposes of research and reference that the Museum have a representative collection of animals occurring in the Free State. A plea is herewith made to the public and especially to the farming community whose help is indispensable, to bring specimens (not domestic) to the Museum.

Any animals killed because of their predatory or other noxious habits, or for any other reason, or animals killed on the

roads, will be welcomed.

It is important that such animals be as complete, intact and fresh as possible on arrival at the Museum. To prevent rotting smaller specimens can be placed in an airtight plastic bag and frozen and then sent to the Museum at an convenient opportunity.

Since the hair of dead mammals which are not treated shortly after death tend to fall out, thus limiting its use for mounting or for the making of study skins, the whole skeleton or skull only can be cleaned for study purposes. If it is not practical to bring a complete animal, its skeleton or just the head or skull should be brought. A severed head completely covered up with ordinary table salt in some tight container can be kept for a very long time.

Every dead animal can thus be of scientific value and should not be left to waste in the



This South-American spider monkey was recently donated to the Museum and has been mounted in a typical attitude.

veld.

It is of the utmost importance however that the following information accompany every specimen:

1. Name and address of the collector.
2. Farm name or accurate description of the place where the animal was found, e.g. 3 km. from Reddersburg on the Reddersburg-Bloemfontein tarred road.
3. Date when collected.

Without such data any specimen is of hardly any scientific value.

**Please Note:** This request for specimens should not be seen as a reason or excuse to hunt and kill any protected animals such as hedgehogs, sun-gazers or protected birds. The Museum, just as every member of the public, is subject to the stipulations of the Ordinance on Nature Conservation and staff members too may only collect protected animals under a special permit.